SimpleStudy®

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

# JUNIE 2019

**GRAAD 11**

## EKONOMIE
## VRAESTEL 2

# NASIENRIGLYNE

**25 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Vraestel 2)**

**NASIENRIGLYNE**

---

## AFDELING A: (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1:

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 C (Inkomste-elastisiteit) √√

1.1.2 D (MI = GVK) √√

1.1.3 B (Uniek) √√

1.1.4 C (Volmaakte mark) √√

1.1.5 D (Marginale Koste) √√

1.1.6 A (2 roomyse) √√

1.1.7 A (Toename) √√

1.1.8 B (TI) √√ (Totale inkomste)

(8 x 2) **(16)**

1.2 **PASITEMS**

1.2.1 K √

1.2.2 E √

1.2.3 F √

1.2.4 G √

1.2.5 I √

1.2.6 H √

1.2.7 A √

1.2.8 C √

(8 x 1) **(8)**

1.3 **KONSEPTE (GEEN AFKORTINGS, AKRONIEME of VOORBEELDE MAG ANVAAR WORD NIE)**

1.3.1 Vervangbare goedere √

1.3.2 Veranderlike Koste √

1.3.3 Totale Koste √

1.3.4 Pryselastisiteit van vraag √

1.3.5 Nut √

1.3.6 Eenheidselastisiteit van vraag√

(6 x 1) **(6)**

**[30]**

**AFDELING B:**

**VRAAG 2:**

2.1 **Beantwoord die volgende vrae**

2.1.1 **Noem enige TWEE metodes van nie-prys mededinging.**

- Lojaliteitsprogramme √
- Afslag- en promosies √
- Deur-tot-deur-aflewering
- Na-verkopedienste

(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoekom sal ’n verandering in die prys van ’n produk die vebruiker se vraag na die produk beïnvloed?**

Verandering in die prys sal die vraag van verbruikers verander omdat verbruikers beperkte inkomste (hulpbronne) het waarmee hulle, hul onbeperkte behoeftes en begeertes moet bevredig, daarom sal verbruikers bereid wees om teen laer pryse te koop eerder as hoër pryse. √√
(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (1 x 2) (2)
**[4]**

2.2 **Oorweeg die grafiek en beantwoord die vraag wat volg:**

2.2.1 **Watter markstruktuur word deur die grafiek verteenwoordig?**

Volmaakte mark / mededinging √ (1)

2.2.2 **Wat word deur punt e op die grafiek verteenwoordig?**

Wins maksimeringspunt. (MI = MK) √ (1)

2.2.3 **Verduidelik kortliks die konsep *prysnemer*.**

’n Besigheid wat die prys moet aanvaar soos besluit deur vraag en aanbod.√√
(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (2)

2.2.4 **Hoekom is die vraagkurwe van die markstruktuur 'n horisontale lyn**?

Daar is soveel verkopers in die volmaakte mark dat geen individuele verkoper die prys kan beïnvloed nie.√√
(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (2)

2.2.5 **Bepaal die ekonomiese wins wat deur die firma gemaak word. Wys ALLE berekeninge.**

*TI* = R120 x 50 ✓

*TI* = R6 000

*TK* = R105 x 50 ✓

*TK* = R5 250

*Wins* = R6 000 – R5 250

*Wins* = R750 ✓✓

**Alternatiewe antwoord:**

$TI - TC$

$= 120 - 105$ √

$= 15$ √

$WINS = 15 \times 50$

= R750 ✓✓

(4)

[10]

2.3 **Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg.**

2.3.1 **Watter onwettige aktiwiteit word verteenwoordig in die spotprent?**

Prysvasstelling (Samespanning) √ (1)

2.3.2 **In watter markstruktuur is die aktiwiteit moontlik?**

Oligopolie √ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die konsep *kartel*.**

ʼn Kartel word gevorm wanneer twee of meer firmas formeel saamstem tot ʼn toename in pryse om hulle wins te maksimiseer en medeginging te beperk.√√
(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (2)

2.3.4 **Hoekom is dit meer voordelig vir firmas om saam te span in plaas daarvan om mee te ding?**

Firmas sal meer wins maak wanneer hulle saamspan. Dit is moeilik om konstant mee te ding met ander firmas, terwyl dit minder moeite is om ʼn ooreenkoms aan te gaan wat kompetisie beperk. √√
(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (2)


2.3.5 **Evalueer die impak wat die prysvasstelling van die drie maatskappye sal hê op die armes?**

- Armes sal negatief geaffekteer word wanneer pryse toeneem. √√
- Die toename in pryse sal daartoe lei dat die armes minder kan aankoop en verminder die lewenstandaard.√√

(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (2 x 2) (4)

[10]

2.4 **Verduidelik, met behulp van ʼn benoemde grafiek, die gekinkte (gebuigde) vraagkurwe**




| **Puntetoewysing** | |
|---|---|
| • Korrekte tekening van die grafiek | = 2 |
| • Benoeming van die asse | = 1 |
| • Ewewigspunt | = 1 |
| | (MAKS = 4) |

- ʼn Oligopolie firma het ʼn gekinkte vraagkurwe. Die vraagkurwe bestaan uit twee dele. √√
- Die boonste deel hou verwant met hoë pryse omdat die helling baie elasties is (m.a.w. vraag is baie sensitief vir ʼn prysverandering) √√
- Die onderste deel hou verwant met laer pryse en die helling is baie onelasties (m.a.w. die vraag is nie sensitief vir ʼn verandering in prys nie). √√
- Veronderstel die oligopolie verkoop teen die oorspronklike prys van R10 en 9 eenhede word verkoop. Totale inkomste is R10 × 9 = R90. ✓✓
- Indien die firma meer wins wil maak deur om die prys met R2 te vermeerder na R12, sal die aanvraag afneem tot 2 eenhede en die totale inkomste sal verminder na R24 (R12 × 2). ✓✓
- Indien die firma wins probeer vermeeder deur om die prys met R2 te verminder na R8 en die totale verkope neem toe, sal die totale inkomste slegs R80 wees. ✓✓
- Daarom staan die oligopolis voor ʼn moeilike keuse omdat altwee gevalle hom benadeel. ✓✓
- ʼn Toename in prys of ʼn afname in prys om verkope te vermeerder sal nie tot grooter inkomste lei nie. ✓✓

  (Onderwysers moet die verduideliking van die leerder se eie grafiek aanvaar)

(MAKS = 4) (8)

2.5 **Evalueer die aard van die produk asook toetrede / uittrede tot die mark as eienskappe van ’n Monopolistiese Mededingende Mark en ’n Oligopolie.**

**Aard van die produk:**

Monopolistiese mededinging:

- Die produkte is gedifferensieerd. Produkte is soortgelyk maar nie identies nie. √√
- Hulle is soortgelyk in die manier waarop hulle behoeftes bevredig. Daar mag verskille wees in verpakking maar die produk is dieselfde, b.v. suiker en sout. √√
- Gedifferensieerde produkte skep geleenthede vir nie-prys mededinging bv. reklame. √√

Oligopolie:

- Produkte kan homogeen of gedifferensieerd wees. √√

(MAKS = 4)

**Toetrede en uittrede tot die mark**

Monopolistiese mededinging:

- Daar is baie verkopers. Dit dui die element van mededinging aan. √√
- Toegang tot die mark is maklik en meer besighede sal by die markte aansluit. √√

Oligopolie:

- Toegang is nie maklik nie te danke aan handelsmerklojaliteit en dit verg ook ’n groot hoeveelheid kapitaal. √√
- Dit mag potensiële besighede uit die mark hou. √√

(MAKS = 4)
(2 x 4) (8)
[40]

**VRAAG 3:**

3.1

3.1.1 **Noem enige TWEE tipes aanbod-elastisiteite.**

- Perfekte elastiese aanbod √
- Relatiewe elastiese aanbod √
- Relatiewe onelastiese aanbod
- Perfekte onelastiese aanbod (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe sal ’n firma daarby baat om die vraag-elastisiteit van ’n produk in ag te neem voordat hulle die prys verander?**

’n Firma sal voordeel trek omdat hulle die regte prysverandering sal maak volgens die vraag (bereidheid om te betaal) van die verbruikers. Dit sal verseker dat hulle winste stabiel bly en nie verbruikers verloor a.g.v. hoë pryse nie.√√ (2)
[4]

3.2 **Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg.**

3.2.1 **Waarvoor staan die afkorting TN?**

Totale nut √ (1)

3.2.2 **Hoekom spandeer mense geld op goedere en dienste?**

Verbruikers spandeer geld op goedere en dienste om hul behoeftes en begeertes te bevredig. √ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die konsep verminderende marginale nut.**

Die addisionele nut (bevrediging) wat verkry word vanaf die verbruik van goedere en dienste verminder soos wat verbruik vermeerder. √√ (2)

3.2.4 **Hoekom sal ’n verbruiker ontevrede word met die oorgebruik van ’n produk of diens?**

Verbruikers het behoeftes en begeertes wat bevredig moet word vir oorlewing. Wanneer die behoeftes en begeertes reeds bevredig is, is die gebruik nie meer nodig nie, dus alle verbruik na die bevrediging van behoeftes en begeertes sal lei tot ontevredenheid.√√ (2)

3.2.5 **Bepaal die ontbrekende waardes A en B in die tabel. Wys ALLE berekeninge.**

A: 56 + 20 √ = 76 √

B: 76 – 76 √ = 0 √ (2 x 2) (4)
[10]

3.3 **Bestudeer die grafieke en beantwoord die vrae wat volg.**

3.3.1 **Watter tipe goedere word vertoonwoordig deur die grafieke?**

Komplimentêre goedere √ (1)

3.3.2 **Hoekom sal die " i-Phone" as 'n luukse produk geklassifiseer word**?

Die " i – Phone" is nie noodsaaklik vir oorlewing nie. (Nie deel van basiese behoeftes nie) √ (1)

3.3.3 **Hoe het die ontwikkeling van tegnologie die behoeftes / vraag van verbruikers beïnvloed?**

Verbruikers se vraag het verander soos wat tegnologie verander het. Goedere en dienste is nou beskikbaar wat nooit voorheen bestaan het nie. Soos wat nuwer produkte beskikbaar word, so sal verbruikers se vraag fokus op die nuwe produkte. √√
(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (2)

3.3.4 **Wat sal met die vraag van "i-Phone" herlaaiers gebeur as die prys van "i-Phones"verminder**?

Die vraag vir herlaaiers sal toeneem want meer mense sal " i – Phones" koop. √√ (2)

3.3.5 **Verduidelik die tipe (kategorie) van elastisiteit as die prys-elastisiteit van vraag se koëffisiënt 0,8 is.**

- Die " I – Phone" sal 'n relatiewe onelastiese vraag hê want die koëffisiënt is kleiner as 1. √√
- Die vraag vir die foon sal NIE drasties verander wanneer daar 'n verandering in prys is nie. √√ (2 x 2) (4)


[10]


3.4 **Bestudeer ten volle die verhouding tussen markte vir goedere en dienste en markte vir faktore van produksie.**

- Produksiefaktore word in faktormarkte gekoop en verkoop, terwyl goedere en dienste in die goederemarkte gekoop en verkoop word.√√
- Produksiefaktore is noodsaaklik in die vervaardiging van goedere en dienste nie. √√
- Indien die koste van produksiefaktore toeneem, sal die pryse vir goedere en dienste ook toeneem. √√
- Indien daar ’n tekort op die faktormark is, sal daar ’n tekort op die produkmark wees. √√
- Daar is ’n direkte verhouding tussen die twee belangrikste markte omdat die goederemark afhanklik is van die faktormark. ✓✓
- Alle veranderinge wat in die faktormark plaasvind sal die goederemark beïnvloed.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord)

(4 x 2) (8)

3.5 **Evalueer die impak van ’n tekort aan grond op die produksie van voedsel met behulp van benoemde grafieke**.




[www.economicshelp.org]

**Mark allocation**
- Benoeming van asse = 1
- Aanduiding van tekort = 1
- Aanduiding van afname in aanbod = 1
- Ewewigspunt = 1

(MAKS = 4)

- Wanneer daar ʼn tekort aan grond is, sal die aanbod (vervaardiging) van kos afneem soos angedui in die beweging van A na A1.√√
- Dit is omdat grond die hulpbron is wat nodig is om landbouprodukte mee te produseer wat weer nodig is in alle kosvervaardiging. √√
- As gevolg van die afname in aanbod, sal daar ʼn toename in prys wees van 30 na 50. √√
  LET WEL: Syfers en letters moet met syfers en etikette wat die leerder in die grafiek gebruik, ooreenstem.

(MAKS = 4)

(8)
[40]

**VRAAG 4:**

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem enige TWEE faktore wat die elastisiteit van vraag beïnvloed.**

- Beskikbaarheid van substituut of vervangingsprodukte√
- Tydperk √
- Mate van behoefte of begeerte
- Deel van inkome spandeer op die produk
  (Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord)

(2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoekom sal verbruikers voordeel trek onder ʼn volmaakte mark eerder as ʼn monopolie?**

Vebruikers het ʼn groter verskeidenheid om van te kies teen laer pryse. In ʼn monopolie het verbruikers geen keuse nie en moet koop wat beskikbaar is teen die pryse waarop die monopolie besluit. √√ (2)
[4]

4.2 **Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.**

4.2.1 **In watter tipe markstruktuur funksioneer Eskom?**

Monopolie √ (1)

4.2.2 **Watter strategie kan Eskom gebruik om beurtkrag te voorkom?**

- Eskom kan alternatiewe bronne van krag gebruik soos wind en sonkrag. √
- Verbruikers aanmoedig om minder te gebruik.

(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)

(1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die konsep *prysvassteller*.**

'n Firma wat self kan besluit watter prys hulle op die mark wil vra. √√
(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord) (2)

4.2.4 **Hoe sal produktiwiteit beïnvloed word deur beurtkrag?**

Produktiwiteit sal negatief beïnvloed word omdat geen produksie sal plaasvind as daar nie elektrisiteit is nie. √√ (2)

4.2.5 **Hoe is dit moontlik vir Eskom om beurtkrag te implementeer en nie verbruikers te verloor nie?**

- Eskom is 'n monopolie en daarom die enigste verskaffer van elektrisiteit. √√
- Verbuikers het geen ander keuse as om Eskom te gebruik vir elektrisiteit nie. √√
- Alternatiewe energie is baie duur en min mense kan dit bekostig. √√
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord) (2 x 2) (4)

[10]

4.3 **Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg.**

4.3.1 **Identifiseer die markstruktuur in die tabel hierbo.**

Volmaakte mark / mededinging.√ (1)

4.3.2 **Wat word verteenwoordig deur die -25 in die winskolom hierbo?**

'n Verlies van R25.√ (1)

4.3.3 **Bepaal die waardes van A en B.**


A: 50 √

B: 110 √ (2)

4.3.4 **Hoekom is daar 'n waarde vir TK wanneer produksie 0 (nul) is?**

Daar is altyd vaste koste wat gedek moet word of daar produksie is of nie. Firmas moet steeds die koste dek al is dit nie van toepassing op produksievlakke nie. √√ (2)

4.3.5 **Verteenwoordig TI and TK op dieselfde assestelsel.**




Puntetoewysing
- Korrekte TK-kurwe = 2
- Korrekte TI-kurwe = 2

(4)
[10]

4.4 **Onderskei tussen produktiewe (tegniese) doeltreffendheid en allokasie (toewysings) doeltreffendheid as eienskappe van volmaakte mededinging.**

- **Produktiewe doeltreffendheid** verwys na vervaardiging sonder om hulpbronne te mors. √√
- Op die lange duur onder volmaakte mededinging, is die prys in die mark gelyk aan die minimum langtermyn gemiddelde kostekurwe. Dit is a.g.v. die proses van intrede en uittrede tot die mark. √√
- M.a.w., goedere word vervaardig en verkoop teen die laagste moontlike koste. Dus hulpbronne word nie gemors nie en produktiewe doeltreffendheid is moontlik. √√

(MAKS = 4)

- **Toewysingsdoeltreffendheid** beteken die firma produseer die korrekte goedere in die regte hoeveelhede soos aangevra deur die verbruikers. √√
- In 'n volmaakte mark sal die prys gelyk wees aan die marginale koste van produksie.√√
- Die verbruikers is bereid om die prys te betaal omdat die prys bepaal word deur die interaksie tussen vraag en aanbod, daarom is daar vraag na die goedere en verbruikers is bereid om die prys te betaal. ✓✓
- Dus toewysingsdoeltreffendheid word bereik. ✓✓

(MAKS = 4)

(2 x 4) (8)

4.5 **Evalueer die impak van die wet van verminderde opbrengs op die produsent.**

- Die wet van verminderde opbrengs speel 'n rol in die besluit van produksiekoste. √√
- Die wet stel dat hoe meer veranderlike insette gebruik word, terwyl ander insette dieselfde bly, sal elke addisionele inset minder uitset produseer.√√
- Die marginale produk van veranderlike insette neem af. √√
- Die marginale produk wat gemaak word deur insette neem eers toe en neem dan af wat beteken minder word vervaardig terwyl insette vermeerder word. √√
- Dit beïnvloed die produsent negatief omdat hulle meer geld op insette spandeer maar minder inkomste ontvang a.g.v. laer uitset. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

**AFDELING C:**

**VRAAG 5:**

- Vergelyk ten volle die markstruktuur van ŉ *volmaakte mark* met ŉ *monopolie* met gebruikmaking van die eienskappe. (Geen grafieke word benodig nie) (26)
- Met verwysing na die onderstaande grafieke, verduidelik hoe die prysbepalingsproses plaasvind in die volmaakte mark. (10)

**INLEIDING**

ŉ Mark is ŉ organisasie wat kopers en verkopers bymekaar bring.√√
(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike inleiding) (2)

Hoofdeel:

1. **Eienskappe van volmaakte mark**
   Daar moet ŉ groot aantal verkopers en kopers wees √

   - Dit moet nie moontlik wees vir een koper en verkoper om pryse te beïnvloed nie.√√
   - Wanneer daar baie verkopers is, is die aandeel wat elk in die mark het so klein dat hulle nie die prys kan beïnvloed nie. ✓✓
   - Verkopers is prysnemers, hulle aanvaar die bestaande markprys. ✓✓
   - As hulle pryse laat toeneem tot bo die markprys sal hulle verbruikers verloor. ✓✓

   Vrye toegang na en van die mark √

   - Produsente kan tot die mark toetree en uittree sonder inmenging.√√
   - Dit is maklik om toe te tree en uit te tree omdat min kapitaal benodig word en daar is minder wettige beperkings. ✓✓

   Die produksiefaktore is ten volle mobiel. √
   - Produksiefaktore kan rondbeweeg sonder enige beperkings. ✓✓

   Aard van die produk √

   - Produkte moet identies wees. Daar moet geen verskil in styl, ontwerp en kwaliteit wees nie. √√
   - Op die manier ding die produkte mee op die basis van prys en kan oral aangekoop word. √√

Geen voorkeur behandeling / diskriminasie√

- Samespanning vind plaas wanneer kopers en verkopers ʼn ooreenkoms maak om mededinging te beperk. In ʼn volmaakte mark is daar nie samespanning nie. √√
- Kopers en verkopers baseer hulle aksies alleenlik op prys, homogene produkte kry dieselfde prys en daarom is daar geen voorkeur om aan een persoon te verkoop of by een firma te koop nie.√√

Vrye mededinging √

- Kopers moet vry wees om te koop waar hulle wil, wat hulle wil en hoeveel hulle wil. √√
- Verkopers moet vry wees om te verkoop aan wie, wat en hoeveel hulle wil. √√
- Daar moet geen staatsinmenging of beheer oor pryse wees nie. √√
- Kopers moet nie groepe vorm om laer pryse te kry nie en verkopers moet ook nie saamwerk om hoër pryse te kry nie. √√

Doeltreffende vervoer en kommunikasie √

- Doeltreffende vervoer verseker dat produkte oral beskikbaar is. √√
- Op die manier sal veranderinge in vraag en aanbod in een deel van die mark die prys beïnvloed oor die hele mark.√√
- Effektiewe kommunikaie help kopers en verkopers om op hoogte te bly van markkondisies. √√

Alle deelnemers moet volmaakte inligting van die mark hê√

- Alle kopers en verkopers moet ten volle bewus wees van wat in die mark aangaan√√
- Tegnologie het mededinging bevorder omdat inligting makliker vekrygbaar is. √√
- In realiteit is daar baie min volmaakte markte, alhoewel sektore soos mynwese (goud) √ en landbou die eienskappe van volmaakte markte ten toon stel. √√

2. **Eienskappe van monopolieë**

- Daar is net een verkoper van die produk.√√
- Daar is beperkings tot toetrede wat veroorsaak word deur patente en ander vorms van wetlike beperkings soos beheer oor hulpbronne, regeringsregulasie ens. √√
- Produkte is gedifferensieerd en uniek. Hulle vervaardig ŉ verskeidenheid van goedere wat moeilik is vir ander firmas om te dupliseer. √√
- Daar is geen substitute nie. Die produk kan nie maklik vervang word nie. √√
- Verbruikers het geen keuse in die prys en kwaliteit van die produk nie.√√
- Die monopolis word gesien as ŉ prysvassteller omdat dit die markprys kan kies deur om die hoeveelheid aanbod te manipuleer.√√
- Daar is geen mededinging nie. Een besigheid in die mark beheer die aanbod van goedere en dienste. √√
- Groot hoeveelhede kapitaal word benodig om ŉ monopolie te begin soos Eskom en Sasol wat miljoene rande benodig. √√
- Monopolieë het wetlike oorwegings. Nuwe uitvindings word beskerm deur patente. √√
  Dienste soos die Poskantoor word beskerm deur wetgewing en ander besighede word verhoed om tot die mark toe te tree. √√
- Dit is ook moontlik vir die monopolis om ekonomiese wins oor die lang termyn te maak. √√
- Dit is omdat daar geen mededinging is vanaf nuwe besighede a.g.v. die beperkings tot toetrede nie √√
- Monopolieë kan in twee groepe geplaas word afhangende van die bestaande beperkings. √√

**Natuurlike monopolieë:** √ Hoë ontwikkelingskoste verhoed ander om toe te tree tot die mark en daarom verskaf die staat die produk of diens. √√
Bv. Eskom is ŉ regeringsbesigheid en verskaf elektrisiteit. Dit kos Eskom biljoene rande om kragstasies te bou en te onderhou. √√

**Kunsmatige:** √ Hier is die beperkings nie ekonomies van aard nie. √√ ŉ Voorbeeld is ŉ wetlike patent. √ ŉ Patent is die eksklusiewe reg om ŉ produke te vervaardig√√ bv. Denel. √ wat Caspirs produseer.

(26)

**Maks 8 vir opskrifte**
**Maks 8 vir Volmaakte market en 1 punt vir voorbeeld = 9**
**Maks 8 vir Monopolie en 1 punt vir voorbeeld = 9**

Addisionele gedeelte:

- Die markkragte van aanbod en vraag bepaal die prys teen R10 en die hoeveelheid is 100. √√
- Die verkoper is te klein om die prys te beïnvloed, daarom is hulle prysnemers. √√
- Elke firma moet hulle produk teen R10 verkoop √√
- Daarom is die vraagkurwe ŉ horisontale lyn (perfek elasties)√√
- Die firma sal nie pryse opstoot na R15 toe nie, want hy sal slegs sy produkte teen markprys kan verkoop omdat ander firmas nog steeds R10 sal vra. √√
- Die firma sal ook nie hulle prys verminder na R5 nie, want dit sal inkomste laat verminder.√√
  (Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord)

MAKS = (10)

Slot:

Beide die monopolie en die volmaakte mark sal ekonomiese wins oor die korttermyn maak alhoewel slegs die monopolie ekonomiese wins maak oor die lang termyn terwyl die volmaakte mark normale wins sal maak. √√
(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord)

(2)
**[40]**

**VRAAG 6**

- Verduidelik ten volle die pryselastisiteit van vraag met die hulp van grafieke. (26)
- Evalueer hoe ŉ monopolis soos Eskom kan baat by die gebruik van prys elastisiteit van vraag vir hulle produk. (10)

Inleiding:

Pryselastisiteit van vraag bepaal die persentasie verandering in vraag wanneer daar ŉ sekere verandering in prys is. √√
(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (2)

Hoofdeel:


1. Onelastiese Vraag (Ped <1):

Indien die PEV tussen 0 en 1 lê is die vraag onelasties. MAW die % verandering in vraag is kleiner as die % verandering in prys.√√

**Onelastiese Vraag (Ped < 1)**

Indien die koëffisient van pryselastisiteit van vraag >1 is, dan kan daar gesê word dat die pryselastisiteit van vraag <1, indien die vraag van die pryselastisiteit onelasties is, is daar geen reaksie op prysverandering nie ✓✓

- Na 'n prysstyging, sal die totale inkome wat deur die vervaardigingsfirma verdien is, afhang van die prys van aanvraag. ✓✓
- Indien die koëffisient van die prys van vraag afhang, sal 'n styging in die markprys (bv. van P1 tot P2) aanleiding gee tot 'n algehele styging in inkome. ✓✓




Puntetoewysing

| | |
|---|---|
| • Korrekte opskrif | = 1 |
| • Korrekte vraagkurwe | = 1 |
| • Benoeming van asse | = 1 |
| • Verandering in hoeveelheid | = 1 |
| | (MAKS =4) |

**Verduideliking = 2 punte; Grafiek = 4 punte**


2. Elastiese Vraag (Ped >1):

As die PEV groter as een is, dan sal die vraag ŉ groter verandering ondergaan as die verandering in prys. Met ander woorde as daar is 10% toename in prys is, sal daar ŉ 30% afname in vraag wees. √√

**Elastiese Vraag (Pev > 1)**

Indien die koëffisient van pryselastisiteit >1 word daar gesê dat die aanvraag pryselasties is, m.a.w. hoogs reaktief teen prysverandering. ✓✓

- Indien die aanvraag na ŉ produk pryselasties is, sal dit ŉ verskaffer baat as hy sy pryse verminder. ✓✓
- Die verandering in hoeveelheid sal proposioneel hoër wees as die afname in die prys. Dit word in die diagram vertoon. ✓✓




| Puntetoewysing | |
|---|---|
| • Korrekte opskrif | = 1 |
| • Korrekte vraagkurwe | = 1 |
| • Benoeming van asse | = 1 |
| • Verandering in hoeveelheid | = 1 |
| | (MAKS =4) |

**Verduideliking = 2 punte; Grafiek = 4 punte**


3 Eenheidselastisieteit:

As die PEV = 1 (m.a.w. die verandering in vraag is dieselfde as die verandering in prys) is die vraag eenheidselasties. √√ 'n 15% toename in prys sal lei tot dieselfde persentasie afname in vraag. ✓✓

**Eenheidselastisiteit van Vraag (Ped = 1)**

'n Vraagkurwe met 'n eenheidselastiese prys, het 'n koëfisiënt van PED = 1 eenheid regdeur. ✓✓

- Met die aanvraagkurwe met 'n eenheidsprys elastisiteit, reageer die prys soortgelyk met 'n prys in aanvraag. ✓✓
- Dit beteken dat die totale spandering deur verbruikers op die produk dieselfde sal bly op elke prysvlak. ✓✓




| Puntetoewysing | |
|---|---|
| • Korrekte opskrif | = 1 |
| • Korrekte vraagkurwe | = 1 |
| • Benoeming van asse | = 1 |
| • Verandering in hoeveelheid | = 1 |
| | (MAKS =4) |

**Verduideliking = 2 punte; Grafiek = 4 punte**


4. Perfek onelastiese vraag (Ped = nul)

As die PEV = 0 is die vraag volmaak onelasties. Vraag verander glad nie wanneer die prys verander nie. Die vraagkurwe is vertikaal. √√

**Volmaakte onelastiese Vraag (Ped = 0)**

Indien die koëffisiënt van pryselastisiteit van vraag = nul, sal vraag volmaak onelastics wees, m.a.w. die aanvraag van goedere verander nie ✓✓

- ’n Volmaak onelastiese kurwe is ’n uitsonderlike geval, want dit impliseer dat verbruikers gewillig is om enige prys vir die ✓✓ produk te betaal. Indien die aanbod faal sal die gemiddelde markprys ’n styging toon sonder sametrekking in die hoeveelheid wat aangebied word. ✓✓




Puntetoewysing

- Korrekte opskrif = 1
- Korrekte vraagkurwe = 1
- Benoeming van asse = 1
- Verandering in hoeveelheid = 1

(MAKS = 4)


**Verduideliking = 2 punte; Grafiek = 4 punte**

5. Volkome elastiese vraag:

## Volkome Elastiese Vraag (Ped = oneindig)

Indien die koëffisiënt PED = oneindig, is die vraag volmaak elasties – daar is een prys wat die verbruikers bereid is on te betaal. ✓✓

- Indien die vraag van 'n produk volmaak elasties is, sal 'n verandering in marktoevoer (getoon aan die regterkant as 'n uitwaartse skuif) geen verandering aan ekwilibrium prys maak nie.) ✓✓
- Die vraagkurwe is op hoogs mededingende makte van toe-passing waar die verskaffer geen prysvasstelling het nie. ✓✓




Puntetoewysing

- Korrekte opskrif = 1
- Korrekte vraagkurwe = 1
- Benoeming van asse = 1
- Verandering in hoeveelheid = 1

(MAKS = 4)

**Verduideliking = 2 punte; Grafiek = 4 punte**

(26)

Addisionele deel:

- Eskom funksioneer as ŉ monopolie wat beteken hulle is die enigste verskaffer van elektrisiteit. √√
- Dit lei daartoe dat hulle ten volle mag oor die mark het en self kan besluit op pryse. (Prys vasstellers))√√
- Verbruikers sal geen ander keuse hê as om die pryse te betaal wat Eskom vra nie. √√
- Daar is alternatiewe produkte beskikbaar soos kerse, gas, sonpanele ens. √√
- Indien Eskom meer vra vir elektrisiteit as die prys van die alternatiewe produkte sal vebruikers eerder die gemak van elektrisiteit opgee vir die goedkoper alternatiewe.√√
- Indien Eskom die pryselastisiteit van vraag oorweeg voor hulle op pryse besluit, sal hulle die maksimum prys kan vra wat verbruikers bereid is om te betaal en sodoende verseker hulle verkry maksimum wins en ook maksimum vraag vanaf verbruikers. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

MAKS = (5 x 2) (10)

Slot:

Vervaardigers en verkopers sal ŉ goeie idee kan hê oor hoe verbruikers sal reageer tot ŉ prysverandering en daarom sal hulle die hoogste moontlike prys kan vra wat verbruikers bereid is om te betaal en hulle wins maksimeer.√√

(Enige ander hoë-order slot aanvaarbaar)

(2)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40

TOTAAL: 150